*Historia* 54,1, Mei/May 2009, pp 287-289

# Herinneringe: Diegene wat my besiel en beïnvloed het — Reminiscences: Those who inspired and influenced me

## Herinneringe aan historici en historiese kwessies

***Wessel Visser***
***Departement Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch***

Soos waarskynlik baie ander historici, is my belangstelling in die geskiedenis deur my ouerhuis en die skool geprikkel. Aan moederskant het ek ŉ oupa gehad wat as driejarige die konsentrasiekamp van Middelburg (Mpumalanga) tydens die Anglo-Boereoorlog oorleef het en wie se staaltjies oor die "Boere en die Engelse" my kleintyd gefassineer het. Van my pa weer het ek te wete gekom van die "Nat-Sap-stryd" wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in Afrikanergeledere gewoed het en my historiese bewussyn verder ontwikkel het.

Op laerskool het die Groot Trek tot satwordens toe elke jaar vanaf Standerd 2 (Graad 4) tot Standerd 8 (Graad 10) die Suid-Afrikaanse komponent van geskiedenissillabusse oorheers. Tot my frustrasie het dit gevoel of die Trek net nooit aan die gang kon kom nie, want die kursusinhoude het elke jaar, in verskillende variasies, op die oorsake van die Trek gefokus of daarby vasgesteek. In Standerd 9 en 10 (Grade 11 en 12) was Piet (Pontie) Louw – ŉ produk uit die Piet van der Merwe-stal aan die Departement Geskiedenis op Stellenbosch – my geskiedenisonderwyser. Ons handboek was Fowler en Smit se oninspirerende *Senior Geskiedenis* (Maskew Miller) wat in matriek maar op die geykte blanksentriese siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis voortborduur het: konstitusionele vrywording van Brittanje; apartheidswetgewing vir "Bantoes" en "Kleurlinge"; die etniese indeling van die swart stamme van Suid-Afrika; ensovoorts. Deur Louw se klasbesprekings het ek egter ook bewus geword van aktuele historiese kwessies soos die gedwonge verskuiwing van bruinmense volgens die Groepsgebiedewet uit Distrik Ses wat teen 1974-1975 in volle swang was.

Op Stellenbosch is die tradisionele "NP-geskiedenis" van die konstitusionele vrywording van Brittanje en temas uit die Afrikanergeskiedenis, soos die VOC-kolonie, die trekbeweging en Afrikanerpolitiek in die twintigste eeu, deur middel van die oorsigswerke van C.J.F. Muller, Van der Walt, Wiid, Geyer en F.A. van Jaarsveld voortgesit. In my voorgraadse jare het ek egter ook kennis gemaak met wyle professor D.J. Kotzé se studies oor ideologieë soos nasionalisme, Marxisme, Leninisme en Maoïsme as historiese verskynsels. In sy eenvoudige, saaklike taal en styl kon Kotzé daarin slaag om puntsgewys Marx se historiese materialisme deur middel van sy klasnotas, "Wat is Kommunisme?" op so ŉ helder en logiese wyse aan studente te verduidelik soos wat ek sedertdien nog in geen ander verklarende werke oor die klassieke Marxisme teëgekom het nie. Deur Kotzé se lesings, asook onder aanmoediging van professor J.S. Bergh, tans hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, is my latere nagraadse studies oor Suid-Afrikaanse arbeiders-, sosialistiese en kommunistiese partye en -pers, asook in die Suid-Afrikaanse vakbondwese, gestimuleer.

Reeds in my eerste jaar as geskiedenisstudent is ek aan Hermann Giliomee se "ras en klas studies", soos die studente daarna verwys het, bekendgestel. In 1979 verskyn *The Shaping of South African Society 1652-1820* (Longman) waarvan Giliomee en Richard Elphick die redakteurs was. Vir Afrikaanse studente, wat tot in daardie stadium die Suid-Afrikaanse geskiedenis op gekompartementeerde wyse bestudeer het, was hierdie poging om die historiese herkoms van die Suid-Afrikaanse kleurverdeling volgens ŉ rasse- en klassebasis te verklaar, nuut en opwindend. Alhoewel die komplekse aard van die Kaapse samelewing, en die talle vergelykings wat die boek met ander kontemporêre slawebesittende gemeenskappe maak, met inspanning verteer is, het ons as studente hierdie kursusmodule uiters interessant en as ŉ vars benadering tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis ervaar.

In 1981, tydens my honneursjaar, het ŉ ander werk van Giliomee en Heribert Adam, *Afrikanermag Opkoms en Toekoms* (UUB), wat eintlik ŉ vertaling van hulle 1979-publikasie, *The Rise and Crisis of Afrikaner Power* was, beïndruk. Waar die "tradisionele" werke oor Afrikanergeskiedenis, soos dié van Muller, Van Jaarsveld, Van der Walt en ander, Afrikaneridentiteit en –etnisiteit as ŉ gegewe aanvaar het, was *Afrikanermag* se beskouing dat die Afrikaner se houding van ŉ eksklusiewe identifikasie geleidelik begin beweeg het na ŉ oriëntasie waarin verdienste en klassebelange die voorrang bo ras as die basiese ordeningsbeginsel van die samelewing geniet. In ŉ snel veranderende wêreld, waar die druk teen apartheid tydens die P.W. Botha-jare al hoe feller geraak het, was dit voorwaar stof tot nadenke.

In die honneursklas moes ek ook, as deel van die modules oor Westerse historiografie, wyle professor F.A. van Jaarsveld se *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (HAUM, 1980) bestudeer. Later het sy *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede. Geskiedenisideologie en die Historiese Skuldvraagstuk* (Lex Patria, 1984) gevolg. Dit is wel so dat Van Jaarsveld, uit ŉ student se oogpunt, soms ŉ uiters moeilik verteerbare akademiese en intellektuele skryfstyl in baie van sy werke gehandhaaf het, en lief was vir sekere "Van Jaarsveldismes" soos "ge-engageerd". Daar was ook baie kritiek op sy benadering tot die Suid-Afrikaanse verlede as ŉ sogenaamde "skuldvraagstuk", en op sy historiografiese indelings van daardie verlede. Tog is Van Jaarsveld se belesenheid oor die Westerse en Suid-Afrikaanse historiografie, en veral ook oor werke wat buite die Angel-Saksiese literêre dampkring in tale soos Duits, Frans, Italiaans en Nederlands verskyn het, steeds ongeëwenaard in werke oor hierdie studieveld. Geen ander Suid-Afrikaanse historikus was tot op datum myns insiens nog daartoe in staat om die breë strominge van die Westerse ideë- en intellektuele geskiedenis so toeganklik en verstaanbaar, spesifiek vir die Afrikaanssprekende student, te vertolk soos Van Jaarsveld nie.

Laastens het die tweeledige studie van die sosiale geskiedenis van die Witwatersrand deur Charles van Onselen, *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886-1914, Volume I, New Babylon* en *Volume II, New Nineveh* (Ravan Press, 1982) ook my eie perspektiewe en navorsing ten opsigte van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse arbeiderpers, -politiek en vakbondwese van die vroeë twintigste eeu beïnvloed. Van Onselen se fyn ontleding van die uitkringende effek wat die industrialisering van die Witwatersrand ook op die alledaagse lewens van die gewone lede van daardie gemeenskappe uitgeoefen het, het my genoop om dieper vrae te vra oor die effek wat die trek- en stootkragte van faktore soos mynkapitaal, tesame met politieke en ekonomiese oorwegings, in die vergestalting van die Suid-Afrikaanse arbeidsbeweging uitgeoefen het.

# Invloede op my loopbaan

***Chris Venter***[1]

Die verhaal van die mens wat in die verlede opgesluit is, was uit wans uit vir my die grootste aansporing om meer van die geskiedenis te wete te kom. Om met die helm gebore te wees, ŉ uitdrukking waarmee ek grootgeword het, beteken onder meer dat ŉ persoon die gawe besit om dinge te kan voorspel, soos byvoorbeeld om die dood van ŉ familielid vooruit te sien gebeur. Ek is waarskynlik met ŉ historiese "helm" gebore, want ek wou altyd agteruit sien om die oorsake vir die mens se handelinge vas te stel. Die verlede was vir my soos ŉ stuk masjinerie wat ek wou stukkend kap om te sien hoe dit werk. Reeds in die laerskool het historiese romans wat teen die VOC se Kaapse agtergrond afgespeel het, my gefassineer. My geskiedenishandboeke het ek vanaf standerd 3 soos storieboeke gelees.

Op Stellenbosch het die "gevreesde" professor Piet van der Merwe se derdejaar-lesings oor Suid-Afrikaanse geskiedenis my belangstelling in navorsing en geskiedskrywing gewek. Sy lesings, stadig gedikteer – die studente moes egter met spoed skryf om by te hou – was in die formaat van ŉ bronnestudie. Vir die eerste keer het ek ervaar hoe ŉ historikus mondelinge oorlewering, kontemporêre bronne en latere geskiedskrywing gebruik, hoe sekere inligting aanvaar word en ander verwerp word om tot ŉ gevolgtrekking te kom. Met ŉ toets moes ons bewys lewer dat ons die antwoorde op sy probleemstellings soos ŉ bronne-ontleding kon hanteer. Baie van my klasmaats het die aanbiedingmetode gehaat, aangesien die verhaal ontbreek het en dit nie so maklik was om die inhoud soos ŉ papegaai te leer nie. Vir die eerste keer het geskiedskrywing egter vir my opwindend gelyk. Op sy besondere manier het professor Van der Merwe die belangrike vereistes vir die struktuur van ŉ stuk geskiedskrywing by die studente ingeskerp. Terwyl professor Van der Merwe die studente voorgraads reeds aan die geskiedenis-as-wetenskap bekend gestel het, het doktor Bun Booyens, later die eerste professor van die Departement Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en beter bekend as Oom Bun, ŉ ander belangrike aspek van die vak aan derdejaarstudente oorgedra. Oom Bun, hoewel klein van postuur, maar met ŉ borrelende persoonlikheid wat met die instap ŉ lesinglokaal gevul het, het bewys dat die studie van geskiedenis opwindend, uitdagend en fassinerend kan wees. Waar dit gevoel het asof die klasatmosfeer in professor Van der Merwe se teenwoordigheid deur swaar Middeleeuse kerkmusiek – vir sommige die dodemars – geskep is, was dit in Oom Bun se geval soos *Jingle Bells*.

Na vyf jaar in die onderwys het die begeerte om weer te studeer die oorhand gekry en het ek by Unisa vir Honneurs-Geskiedenis ingeskryf. Tydens die vakansieskool in Pretoria in Julie 1971 het professor M.C. van Zyl ŉ paar gebonde MA-tesisse en doktorale proefskrifte in die lesinglokaal neergesit en ons uitgenooi om daarna te kyk. Met die deurblaai daarvan het ek geweet dit is wat ek gaan doen. Ek was daarna bevoorreg om onder die inspirerende leiding van professor Ben Liebenberg die MA- en doktorsgraad te verwerf. Na vyftien jaar in die onderwys het my akademiese loopbaan in 1980 by die Universiteit van Port Elizabeth begin. Met verloop van tyd het die biografie as genre in die geskiedskrywing my belangstellingsveld geword.

---

1 Chris Venter was vir 21-jaar verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch se Departement Geskiedenis